# DIE GROTERE SOOGDIERE WAT VROEËR DAE VOORGEKOM HET IN DIE OMGEWING VAN DIE GOLDEN GATE-HOOGLANDPARK

deur

L. C. C. LIEBENBERG

*INLEIDING*

Die gebied onder bespreking het betrekking op die plase Golden Gate, Wilgehof, Melsetter, Glen Reenen, Wodehouse en Gladstone wat die huidige Hooglandpark vorm, sowel as die onmiddellike omgewing wat geleë is in die oostelike deel van die Rooiberge, oos van Clarens. Dit word aan die suidekant begrens deur die Caledonrivier en lê regoor die noordelikste Malutis. Dit is 'n gebied wat nagenoeg bokant 6,500 voet uitstyg en versier word deur verskeie pieke van digby die 9,000 voet hoog.

Wanneer mens die literatuur oor ons land se dierelewe betrag, dan word jy getref deur die ruime inligting daaroor uit die pen van veral reisigers van alle soorte uit die dae van weleer. Daarenteen is die karigheid van inligting oor die betrokke gebied en sy omgewing opvallend.

Hierdie verskynsel moet ongetwyfeld daaraan toegeskryf word dat hierdie gebied afgesonder gelê het, baie minder toeganklik was omrede van sy bergagtigheid en ook omrede van sy eertydse noue verbintenis met die vaster berglandtuiste van die Basoetostamme waarvan dit 'n integrerende deel uitgemaak het, totdat dit in 1869 by die Tweede Aliwal-Noordkonvensie deel geword het van die „Verowerde Gebied" van die Oranje Vrystaat.

Om 'n ware prentjie te probeer gee van wat die toedrag van sake was ten opsigte van die dierebevolking in die onderhawige gebied, moet die aangeleentheid benader word uit die oogpunt van die vraagstuk van wat die seisoenstrekgewoontes, al dan nie, was, van die diere in hierdie omgewing. Dit is dus noodsaaklik dat daar ook aandag geskenk moet word aan die aanwesigheid van hierdie diere buite-om die gebied, vanwaar minstens aanvullings moes plaasgevind het. Selfs al sou die diere binne die gebied nie aan grootskaalse seisoensbewegings onderhewig gewees het nie, kan die moontlikheid van 'n mate van skommelmigrasie nie uit die oog verloor word nie.

Volgens wat nagespoor kan word, was daar net twee reisigers, en wel in geselskap, wat hierdie omgewing besoek het, blykbaar in 1836.

In aanmerking geneem dat jagbedrywighede in die nabyheid, wes van die Wilgerivier, so 'n hoë peil bereik het dat die gebied as „riemland" bekend gestaan het, is die onbekendheid van die Hooglandparkomgewing amper ongelooflik.

*INLIGTING VERSTREK DEUR REISIGERS*

Die twee reisigers, die sendelinge Arbousset en Daumas, het Basoetoeland net noord van Bérséba binnegegaan tot by „Morija", vanwaar hulle weer noordwaarts gereis het oor die Caledon en vandaar oor Platberg, „Bouchap", „Oumpoukani" tot by „Merabing", 'n plek net noord van die Caledonrivier ongeveer regoor die huidige Leribe. Hier het hulle besluit om die „Blouberge" te gaan besoek.

Hulle het suidwaarts Basoetoland binnegereis tot by „Kuening" wat geleë was op 'n roete wat destyds deur die inboorlinge gebruik is na „Macocoutloufe", die hoofstad van Dingaan. Hulle het hierdie roete gevolg, eers noordwaarts oor „Macousane", dan ooswaarts oor Boeta Boete, weer noordwaarts oor „Intlouanachouana" en dan ooswaarts tot by die Malutis wat hulle bestyg het en toe verder ooswaarts in die rigting van Mount aux Sources, om dan terug te keer deur die suide van die huidige Witsieshoek en met dieselfde „roete" tot weer by „Intlouanachouana". Hiervandaan is hulle heelwat noord van die Caledonrivier na „Merabing" terug om hul reis voort te sit na die noordelike Vrystaat.

By „Kuening" het hulle elande aangetref. Tussen „Macousane" en Boeta Boete het hul springbokke en rooihartbeeste gaan jag „wat wemel in daardie gebied".

Van die Malutis skryf hulle: „Die hoë gras en weivelde wat die valleie bedek en wat soos 'n see van weiding voorkom, herberg en voed 'n menigte van wilde diere soos springbokke, ‚grimme',* rietbokke, klipspringers en die elande wat hulle almal in skoonheid oortref. Hierdie diere vermeerder hier sonder om ooit weg te trek, hoewel hulle gedurig blootgestel is aan die strikke van die naturelle en die aanvalle van leeus, hiënas, en luiperds. Die bosse verskaf asiel vir ontelbare soorte voëls, d.w.s. arende, aasvoëls, wouws en valke . . . .

„Die ooste- en westekant van hierdie gebied word bewoon deur talle antilope waarvan ons slegs wil noem die eland, springbok, swartwildebees, blouwildebees, blesbok en baie ander soorte wat in die gaselgroep val. Ons noem ook die *Hirax capensis* van Desmartes. Die olifant, die kameelperd, die buffel, die renoster met twee horings, bewoon uitsluitlik die oostekant."

„Daar was nie meer seekoeie in die Caledonrivier nie, waar daar vroeër volop was."

---

*** 'n Afrikaanse dwerggems, volgens 'n Frans-Hollandse woordeboek. Vermoedelik het die betrekking op die ribbok.**

Oor die „Letouele" of Tugelarivier sê hulle dat in vredestyd die Amalémos geesdriftig jag gemaak het op antilope en gaselle, soos buffels en koedoes wat onbekend was wes van die Malutis, maar baie volop in die valleie aan die oostekant."

Na hul terugkeer by „Merabing" het hulle die reis voortgesit in noordoostelike rigting, dan weswaarts deur die noordelike Vrystaat en suidwaarts oor Thabanchu, terug na „Morija".

Net noord van „Merabing" het hulle kwaggas geskiet en skryf daaroor as volg: „Hulle het gewei onder 'n groot klomp van hierdie diere maar dit het geblyk dat daar nie 'n enkele sebra in die hele kudde was nie; dis 'n feit bowendien dat die sebra nóg by die Basoeto's nóg by die Mantetis gevind word terwyl die kwagga by hulle algemeen voorkom.

„Twee duidelike soorte kwaggas kom hierdie kant van die Grootrivier voor, die een wat die Hollandse koloniste bruinkwagga (bloukwagga) noem, met askleurige pens, baie algemeen ook onder die Amakosas, en die gevlekte (,bigarre') kwagga (bontkwagga) wat effens groter is as die vorige, gemerk met helderder kolle (,mouchetures'), 'n naverwant van die *Zebra izabelle* of wildepaarde van Namakwaland. Die tweede spesies van kwagga kom nie voor in die Kaap of in Kaffraria nie, nog minder by die Basoeto's. Ons het hulle slegs in die kom van die Geelrivier* teëgekom; en die ,Baperis' het ons weer verseker dat dit in hul land die algemeenste is van die twee soorte. Hulle noem dit ,pitsi e tuluri', gestreepte esel en die bruinkwagga slegs ,pitsi' . . . . "

By „Setlopo" net noord van „Merabing" was die vlakte oortrek van wild van alle soorte soos gaselle, swartwildebeeste, hase, kwartels, patryse, ook leeus . . . .

By en in die omgewing van 'n meer „was troppe antilope en baie voëls, waaronder ons slegs eende herken het".

Noord van die „Enta", of die huidige Sandrivier, het hul baie elande en swartwildebeeste teëgekom. Maar met hul terugkeer na Thabanchu, in die omgewing van Modderrivier, was 'n sekere vlakte ook oortrek van verskillende soorte wild.

Dr. Andrew Smith, medikus, het in die jaar 1834 op sy toer ten noorde van die Oranjerivier, vanaf Phillipolis, by Elandsberg naby die Oranjerivier, Basoetoland binnegegaan, langs die westekant deurgereis en oor Thaba Bosio weer uitgegaan net noord van die huidige Maseru.

Hy het oor „Lishuane" in die rigting van die teenswoordige Ficksburg gereis en net noordoos van laasgenoemde sy draai gemaak en langs 'n suideliker roete (as dié waarlangs hy gegaan het) oor die Umpunkanirivier teruggekeer, weer by „Lishuane" verby. Hiervandaan is hy oor Thabanchu terug na Phillipolis.

In sy dagboek maak hy, wat Basoetoland betref, weinig melding van diere. Hy vertel van hartbeeste, kwaggas, swartwildebeeste maar veral

---

* Die Vaalrivier onderkant die samevloei van die Wilgerivier.

van die onbereikbare elandtroppe wat so maklik van die laagland die berge invlug sodra daar op hulle begin jag gemaak word. Hy maak die interessante opmerking dat die eland ver spring, ook van hoë kranse afspring en geredelik in water inspring en baie vinnig swem.

Oorbietjies, rietbokke, ribbokke en wildehonde word ook genoem. Eers in die omgewing van Ficksburg maak hy melding van voëls.

By Thabanchu was daar swartwildebeeste in groot kuddes en ook 'n klompie springbokke en blesbokke. Net noord van die Modderrivier was daar weer ontsaglike getalle swartwildebeeste, 'n klomp kwaggas en baie springbokke. By die rivier self was daar baie groot swerms eende.

F. A. Steytler (1932) skryf in hoofstuk 7: „Die veld het gewemel van wild — blesbokke, springbokke, blou- en swartwildebeeste, kwaggas (sebra), hartbeeste en elande. Daar was ook baie wildevolstruise en vlakvarke. Leeus, tiere, wildehonde, hiënas en jakkalse was volop . . . . Omdat die Vrystaat sonder bome is, was daar geen olifante of renosters nie, maar seekoeie was tydens die groot trek volop . . . .

In genoemde jaar (1853) was daar buffels in die Drakensberge . . . .

„In die somer het die wild na die westelike Vrystaat getrek en in die najaar na die ooste. In die winter is hul die berge af Natal toe. Maar dit grief 'n mens om te hoor hoe die goed uitgeroei is. Die eerste vermelding van die uitroeiing van wild op groot skaal kom voor in September 1869. Springbok- en blesbokvelle het skielik van waarde geword. Dis in hierdie tyd dat die streek ten weste van die Wilgerivier die bynaam van „Riemland" gekry het. Dit was veral in die jare 1870 en 1871 dat die meerderheid van die bokke uitgeroei is. In 1872 het die Volksraad 'n wet teen die onnodige uitroeiing van wild gepasseer maar toe was dit te laat. In 1870 is die kolossale getal van 174,340 blesbok-, wildebees- en kwaggavelle van Natal af verskeep en nie minder as 311,446 velle in 1871 nie." Die velle is Durban toe gestuur.

J. M. Orpen (1908) skryf: „Toe ons grond opgemeet het in Harrismith in 1852-53 was daar, hoewel nie in sulke groot getalle soos wat ek in ander dele enige jare later teegekom het nie, tog volop wild en het ons byna geen ander vleis ge-eet nie. Behalwe vlakvark, was die wild wat ek toe gesien het en geskiet het om te eet, oorbietjie, steenbok, ribbok, rooiribbok, springbok, blesbok, hartebees, blouwildebees en eland. Daar het ook voorgekom Burchell-sebras, in Hollands bekend as ‚bontkwagga', om hul te onderskei van die regte kwagga, wat na bekend was nooit noord van die Oranjerivier voorgekom het nie . . . . "

J. Chapman (1868) skryf as volg oor sy deurreis van Natal oor Harrismith na Transvaal: „ . . . . die Oranje Vrystaat is goed bedeel met water en besit uitgestrekte vlaktes, tans oortrek van ontelbare troppe antilope . . . .

„Die pad lê vir oor die honderd myl langs die wydste van hierdie vlaktes, gekenmerk deur 'n kop bekend as Vegkop . . . .

„Die vlaktes het gewemel van alle soorte wild; leeus en ander roofdiere het ons omring. Maar wat vir ons die merkwaardigste was, was die ontelbare kwaggas, blesbokke, springbokke en swartwildebeeste wat voortdurend voor ons verby gekom het . . . . Inderdaad, op sekere tye van die dag, het die vlakte vir myle in die omtrek amper die voorkoms gehad van 'n lewende oseaan waarvan die ontstuimige golwe gevorm is deur die verskillende kuddes wat mekaar gekruis en herkruis het in elke rigting!"

*GEVOLGTREKKINGS*

Arbousset en Daumas het die Malutis die end van Maart besoek op 'n tydstip wanneer wild (antilope) nog nie vir die winter sou uitgetrek het na die laerliggende dele van Natal nie, indien 'n gewoonte van wintermigrasie aan die orde van die dag sou gewees het. Hulle het dus die inligting dat „hierdie diere vermeerder hier sonder om ooit weg te trek" van die naturelle verkry, net soos wat mnr. F. A. Steytler kort voor sy dood skrywer hiervan meegedeel het dat sy verklaring dat die wild in die winter „die berge af Natal toe" getrek het, ook op die inligting van naturelle berus.

Die bewering was egter skynbaar nie bedoel om alle soorte, soos springbok en blesbok, ens., ook in te sluit nie.

Behalwe die diere wat nog vandag in hierdie gebied voorkom, naamlik ribbokke, steenbokke, bobbejane, e.a. het daar in die lig van die inligting hierbo verstrek, hoogswaarskynlik in die vroeë dae op hierdie hooglande ook die volgende geloop: eland, rooihartbees, blesbok, rietbok, springbok, swart- en blouwildebees, klipspringer en oorbietjie; ook leeu, luiperd, wildekat, hiënas, wildehond; verder ook kwaggas en moontlik ook seekoeie.

Terloops kan gemeld word dat, tot op datum, die Raad reeds eland, rooihartbees, swartwildebees en blesbok in hierdie Park hervestig het.

*CONCLUSION*

Arbousset and Daumas visited the Malutis during the end of March at a time when antilope would not have moved out for the winter to the lower and warmer parts of Natal, if such migration was their habit. These writers, therefore, must have obtained their information that these animals multiplied here without ever emigrating, from the local inhabitants. This was also the case with Mr. F. A. Steytler, who informed the present writer, shortly before his death, that he received the information that the Orange Free State game in winter trekked down the mountains to Natal, from the natives.

Apparently the latter statement was not intended to include all species, such as springbok, blesbok, etc.

Besides the animals which still occur in this particular area, viz. rhe-

buck, steenbok, baboon, and others, it is highly probable that also in the light of the information presented, there occurred: eland, red hartebeest, blesbok, springbok, reedbuck, black and blue wildebeest, klipspringer and oribi; also lion, leopard, wild cat, hiena, wild dog; further also zebra and probably also hippopotamus.

### *BEDANKINGS*

My dank gaan aan mev. A. C. White van Bloemfontein wie my aandag gevestig het op die werk van Arbousset en Daumas. Mej. N. Schoeman het uit haar pad gegaan om baie stukke uit hierdie werk te vertaal en ek wil graag teenoor haar my dank en waardering uitspreek. So ook moet genoem word die vriendelike hulp wat ek van Merensky Biblioteek en die Staatsbiblioteek se Africana personeel ontvang het. Ek moet ook dank betuig aan mnr. J. H. Esterhuizen van die Staatsargief, Pretoria, wie my aandag gevestig het op die dagboek van dr. Andrew Smith.

### *VERWYSINGS*

**Arbousset, T. en Daumas, F. (1842):** Relation d'un Voyage d'Exploration au nord-est de la colonie. Du Cap de Bonne-Espérance.

**Chapman, J. (1868):** Travels in the interior in South Africa. Vol. I.

**Orpen, J. M. (1908):** Reminiscences of life in South Africa.

**Steytler, F. A. (1932):** Die geskiedenis van Harrismith.

**Kirby, P. A. (Edit. by) (1939):** Andrew Smith Diary I & II, 1834-1936.